**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2022: VOORTGESETTE POSITIEWE VENNOOTSKAPPE VIR 'N MENSWAARDIGE TOEKOMS

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 15 NOVEMBER 2022 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

## TEENWOORDIG:

## LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

## ANDER RAADSLEDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. A du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

## AMPTENARE

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. D Louw | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. JJ Breunissen | : | Direkteur Tegniese Dienste *(waarnemend)* |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Me. C Ranna | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. M Sheldon | : | Hoof: Kommunikasie |
| Mnr. K Abrahams | : | Stadsbeplanner: Oos |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**BKN001/11/2022**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna hy 'n dagstuk van John Maxwell deel. Raadslid Daniels open die vergadering met gebed.

***

**BKN002/11/2022**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Raadsheer De Vries - afwesig met verskoning

***

**BKN003/11/2022**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/11/2022**
**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 18 OKTOBER 2022</u>**
**3/3/2/2**
***(Notule van Dinsdag 18 Oktober 2022 word ter tafel gelê, soos voorheen elektronies apart versprei)***

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Dinsdag 18 Oktober 2022, bekragtig word.

***(VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***

***

**BKN005/11/2022**
**<u>IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 18 OKTOBER 2022</u>**
**3/3/2/2**
***(Implementeringsverslag van Dinsdag 18 Oktober 2022 word ter tafel gelê, soos voorheen elektronies apart versprei)***

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos gehou op Dinsdag 18 Oktober 2022.

***

**BKN006/11/2022**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/11/2022**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN008/11/2022**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:

- Sy gee kortliks terugvoer van die uitkoms / uitslag van die Hofsaak tussen Bergrivier Munisipaliteit en die besetters by Rhino Park.

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

- Dat mnr. S Zoutman se moeder oorlede is;
- Dat die gespreksessie met Dr Braam Hanekom op Vrydag 25 November 2022 in Velddrif plaasvind met die tema "Kom red jou dorp";
- Hy bedank die Munisipale Bestuurder, Direkteur Gemeenskapsdienste en die regspan wat betrokke was met bogenoemde hofsaak;
- Dat 'n skrywe aan die inwoners van die Trajektekamp versprei word om die korrekte inligting deur te gee rakende die bewerings van 'n slopingsproses; en
- Dat die onderskeie Persoonlike Assistente die lief en leed van die onderskeie direktorate aan die Persoonlike Assistent van die Uitvoerende Burgemeester deurgee.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE (30/11/2022)***

***ALLE DIREKTEURE***

Die Direkteur Tegniese Dienste (waarnemend) doen die volgende mededelings:

- Dat mnr. J van Zyl se moeder oorlede is; en
- Dat mnr. R Bothma se skoonpa oorlede is.

Die Uitvoerende Burgemeester wens die families sterkte toe en versoek 'n oomblik van stilte.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN009/11/2022**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/11/2022**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/11/2022**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: TERUGVOER RAKENDE DIE BESTUUR EN ADMINISTRASIE VAN DIE BESIGHEIDSKORWE TE PORTERVILLE EN PIKETBERG**
**9/1/2**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na ‘n gesprek wat gefasiliteer moet word om die tekort aan wetstoepassingspersoneel aan te spreek.

**BESLUIT**

1. Dat die status van die huidige kontrakte ondersoek word;
2. Dat die huidige Informele Handel Verordening (Aanhangsel 2) nog relevant en voldoende is. Die uitdaging wat ondervind word, is nie die Verordening nie, maar die Wetstoepassing daarvan;
3. Op 14 Desember 2020 het die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die Informele Handelsbeleid goedgekeur (Aanhangsel 3) asook die Toekennings prosedures. Die notule is aangeheg as aanhangsel 4;
4. Dat daar ‘n interim toekennings periode vanaf 15 Desember 2022 tot 30 Junie 2023 goedgekeur word aan nuwe stalletjiehouers vir die 11 vakante stalletjies in Porterville (4) en Piketberg (7);
5. Dat daar ‘n werkswinkel met wetstoepassing gehou word saam met die Strategiese Dienste afdeling voor 06 Desember 2022;
6. Dat ‘n komitee saamgestel word wat sal bestaan uit die relevante SMME Forums; Wetstoepassing en Strategiese Dienste vir die aanbeveling van toekennings van stalletjies aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee wat geskeduleer is vir Dinsdag 13 Desember 2022 en dat Strategiese Dienste die sameroeper van die komitee is;
7. Dat meer omvattende huurooreenkomste opgestel word;
8. Dat die kriteria vir wat daar verkoop mag word uitgespel word aan die huurders; en
9. Dat daar ‘n dagbestuur van stalletjie-huurders aangestel word wat kan dien as skakeling met die Munisipaliteit.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**BKN012/11/2022**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: RELOCATION OF JAN DANCKAERT MUSEUM IN PORTERVILLE**
**12/2/3/16**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Gemeenskapsdienste.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die planne wat reeds inwerking is om die informele stalletjie gebou te omskep in kantoorspasie.

Die Uitvoerende Onderburgemeester doen 'n beroep dat die Uitvoerende Burgemeester 'n gesprek voer met Provinsie rakende befondsing vir die gebou van Jan Danckaert Museum in Porterville.

**BESLUIT**

1. Dat die genoemde gebou nie beskikbaar is nie, aangesien die Finansiële Dienste direktoraat die gebou gaan benut as kantoorspasie;
2. Dat die Museum Komitee reëlings moet tref vir alternatiewe akkommodasie en die maandelikse huurbedrag aan die Munisipaliteit gekommunikeer word; en
3. Dat daar ondersoek ingestel word of die huis in Parkstraat, Porterville, wat aan die Provinsiale regering behoort, dalk beskikbaar is.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN013/11/2022**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER: REPRESENTATIVE OF REGIONAL TOURISM ORGANISATION (RTO)**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RESOLVED**

That Councillor Daniels as Chairperson of the Economic Development Committee with Alderman Wessels as Chairman of the Community Services Committee represent Bergrivier Municipality on the Regional Tourism Organisation (RTO) Committee.

***MUNICIPAL MANAGER***

***

**BKN014/11/2022**
**VERSOEK OM MUNISIPALE GROND: GEDEELTE VAN PLAAS GROOTE FONTEIN NO. 241, AFDELING PIKETBERG (MEENT)**
**PLAAS NO.241**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na SANRAL.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die gedeeltes (±1504m² groot) van Plaas Grootefontein No. 241, afdeling Piketberg, soos aangedui op Bylae A, nie benodig word vir minimum vlak van Munisipale dienslewering nie;
2. Dat die Raad se intensie om die gedeeltes (±1504m² groot) van Plaas Grootefontein No. 241, afdeling Piketberg vir opgraderingsdoeleindes aan South African National Roads Agency SOC Limited (SANRAL) te vervreem teen R10970.00 (BTW ingesluit) geadverteer word vir 14dae vir publieke kommentaar/vertoë;
3. Dat enige besware ontvang, indien enige, weer aan die Raad voorgelê word vir oorweging;

4. Indien geen beswaar/kommentaar ontvang word nie die Munisipale Bestuurder gemagtig is om die aangeleentheid af te handel, op voorwaarde dat:

4.1 SANRAL verantwoordelik sal wees vir opmeet, registrasie en oordragkostes van die gedeeltes grond; en

4.2 SANRAL ondersoek instel en versigting wees wanneer daar in nabyheid van munisipale dienste infrastruktuur gewerk word en dat indien enige skade aan munisipale dienste infrastruktuur veroorsaak word dit vir die koste en herstel van SANRAL sal wees tot bevrediging van hierdie Munisipaliteit se Tegniese Direktoraat.

***

**BKN015/11/2022**
**REQUEST TO WAIVE OWNERSHIP OF VESTED PROPERTY RIGHT: ERF 573, PIKETBERG (WIIDSTREET)**
**PB. 573**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in.

**RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That Erf 573, Piketberg (Wiid Street ±955.62m² in extent), is not required to provide minimum level of basic municipal services (except access to services which can be addressed by means of servitude);

2. That Bergrivier Municipal Council's intention to waive its vested property right to ownership of Erf 573, Piketberg (Wiid Street) in its entirety to Jankielsohn Property Trust, be advertised for 14days for public comment/representation, and if no objections are received against the proposed alienation, proceed with point number 3;

3. That applicant is authorised to obtain the relevant consent from Petrus Johannes Wiid or his proxy at own expense for registration purposes at the deedsoffice and land use planning applications (simultaneously with the registration of services servitude in favour of Bergrivier Municipality);

4. That the relevant land use planning applications be made (i.e. rezoning, closure of public street as well as consolidation) by the applicant; subject to the following conditions:

4.1. That a services servitude be registered over Municipal sewerage and stormwater connection in favour of the Muncipality to ensure access thereto when required; and

4.2. That all cost applicable to land use applications, surveying and registration cost will be for the cost of the applicant.

***

**BKN016/11/2022**
**SLUITING VAN VOETPAD: ERWE 2965, 2966 & 2967 PORTERVILLE (VOETGANGER DEURGANG TUSSEN PROTEASTRAAT EN DJ PEARCE LAAN)**
**PTV. 2965, 2966 & 2967**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die veiligheidsrisiko's van die voetganger deurgang vir

die inwoners en dat die moontlikheid ondersoek word om die grond aan die huishoudings te skenk en/of te verkoop teen die aankoopprys.

Raadslid Du Plooy versoek dat die moontlikheid ondersoek word dat wetstoepassing en SAPD by die omliggende huishoudings patrolleer indien die proses goedgekeur word om bystand te verleen aan die huishoudings.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad nie die gedeelte grond voetganger deurgang (Erwe 2208, 2703 en 2704, Porterville) deurgang tussen DJ Pearce Laan & Proteastraatstraat benodig vir minimum vlak munisipale dienslewering;

2. Dat die Raad se intensie om sluiting van die voetganger deurgang geadverteer word met voorneme om aan langsliggende geregistreerde grondeienaars te vervreem teen markverwante waardasie vir 30 dae geadverteer word vir publieke kommentaar/vertoë soos volg:

2.1. Wykskomitee;
2.2. Die Weslander;
2.3. Munisipale Kennisgewingborde;
2.4. Munisipale Webtuiste; en
2.5. Aanbring van kennisgewings by die voetganger deurgang.

3. Enige besware/kommentare ontvang weer aan die Raad voorgelê word vir finale oorweging; en Indien geen besware ontvang word daar voortgegaan word met die volgende:

3.1. Dat daar eers skriftelik vasgestel word of die langsliggende geregistreerde grondeienaars (al vier eienaars) belangstel om gedeeltes van die grond te bekom (ten einde prakties die voetganger deurgang te sluit) teen markverwante waardasie, en bereid sal wees om konsolidasie aansoeke wat gepaard gaan met privaat eiendomme se vergroting, die kostes verbonde aan die hersonering/konsolidasie aansoeke, konsolidasies se registrasie by die Landmeter Generaal se kantoor en Aktekantoor op eie onkoste te doen;

3.2. Ten minste twee aangrensende grond eienaars (een aan die voetganger deurgang gedeelte by DJ Pearcelaan asook een aan die voetganger deurgang gedeelte by Proteastraat) moet instem tot 3.1. ten einde die voetganger deurgang prakties te sluit;

3.3. Dat die langsliggende eienaars gemagtig word om ‘n gesamentlike aansoek om hersonering en konsolidasie te bring vir oorweging;

3.4. Die grond slegs toegespan mag word na registrasie van die gekonsolideerde grond in die aktekantoor; en

3.5. Indien geen belangstelling getoon word deur ten minste twee langsliggende eienaars soos uitgewys by punt nommer 3.2, die Raad ingelig word hiervan en dat daar na alternatiewe metodes te kyk.

***

**BKN017/11/2022**

**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 02 NOVEMBER 2022**

Geen

***

**BKN018/11/2022**
**KORTING OP EIENDOMSBELASTING (PENSIOENARIS KORTING)**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad die aansoeke wat vir die periode vanaf 01 Augustus tot 30 September 2022 ontvang is, steeds verwerk terugwerkend vanaf 01 Julie 2022; en

2. Dat enige rente gehef op die eiendomsbelasting terug geskryf word.

***

**BKN019/11/2022**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 02 NOVEMBER 2022**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN020/11/2022**
**WATERDIENSTE PLAN (WSDP) OUDIT**
**16/1/1**

Raadsheer Wessels lei die item kortliks in.

Op navraag van die Speaker insake die dringende spesiale Raadsvergadering vir goedkeuring van die item bevestig die Direkteur Tegniese Dienste (waarnemend) dat die item na die Raadsvergadering wat geskeduleer is vir Dinsdag 29 November 2022 verwys kan word vir goedkeuring en daarna aan Departement van Waterwese en Sanitasie (DWS) versprei word vir goedkeuring.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad die Waterdienste Plan (WSDP) ouditverslag aanvaar en goedkeur alvorens dit deur Departement van Waterwese en Sanitasie (DWS) goedgekeur kan word.

***

**BKN021/11/2022**
**DELEGASIE 994: AANSTELLING VAN BOUBEHEER BEAMPTES (ART 5 VAN WET 103/1977)**
**4/1/2/3**

Raadsheer Wessels lei die item kortliks in en meld dat sy versoek in die Tegniese Dienste Komiteevergadering was dat die delegasie in terme van die boetes/kwytskelding op bouplanne na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad verwys moet word vir oorweging en goedkeuring.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat Delegasie 994 reggestel moet word aangesien dit teenstrydig is met Delegasie 119 en dit nie die bedoeling van die wetgewer was dat aanstelling van Boubeheer Beamptes nie deur die Plaaslike Owerheid gedelegeer mag word nie.

***

**BKN022/11/2022**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 01 NOVEMBER 2022**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN023/11/2022**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 01 NOVEMBER 2022**
**9/1/2**

Raadsheer Wessels spreek sy kommer uit rakende die aanhoudelike verskuiwing van die opleidingsdatum vir die wetstoepassing studente. Die Voorsitter versoek dat die eposse rakende die uitstel van die opleiding aan hom versprei moet word om dit op ‘n hoër vlak op te neem.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat die moontlikheid ondersoek word om vorige tydelike wetstoepassingsbeamptes te gebruik vir hulpverlening gedurende die feesseisoen.

**BESLUIT**

Dat die Direkteur Gemeenskapsdienste die moontlikheid moet ondersoek om vir mnr. Richard Boschman te kry vir twee weke om bogenoemde opleiding aan te bied.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

***(Die Stadsbeplanner: Oos verlaat die vergadering om 10:26.)***

**BKN024/11/2022**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: SEPTEMBER 2022**
**5/1/B, 5/1/1**

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for September 2022.

***

**BKN025/11/2022**
**MAANDVERSLAG: UITGAWES EN VOORSIENINGSKANAALBESTUUR: SEPTEMBER 2022**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die Direkteur Finansiële Dienste die opgedateerde “Procurement Plan” voorlê by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering wat geskeduleer is vir Dinsdag 29 November 2022 om te verseker dat die teikendatums wat gestel is, behaal is deur die onderskeie direktorate.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council take note of the September 2022 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act.

***

**BKN026/11/2022**
**RENTE OP UITSTAANDE REKENINGE LAAT AFGELEWER**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Finansiële Dienste.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die openbaarmaking van Raadslede en Senior Bestuur se munisipale rekeninge en versoek die Munisipale Bestuurder dat die Direkteur Finansiële Dienste seker maak wat die wetlike vereistes is.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad kennis neem van die inhoud van die verslag.

***

***(Die Speaker verlaat die vergadering om 10:30.)***

**BKN027/11/2022**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEEVERGADERING: DONDERDAG 06 NOVEMBER 2022**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN028/11/2022**
**JEUG-UITRUILPROGRAM TUSSEN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT EN HEIST-OP-DEN-BERG**
**15/3/1**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die aangehegte prosesplan goedgekeur word vir die identifisering van die leerders en onderwysers;
2. Dat Raadslid Daniels deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aangewys word om aan die program deel te neem; en
3. Dat voorsiening in die aansuiweringsbegroting gemaak word vir die uitruilprogram.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN029/11/2022**
**WATERAANVRAAGBESTUUR IN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**16/1/1**

Die Direkteur Tegniese Dienste (waarnemend) lei die item kortliks in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die installering van sone meters om te bepaal in watter gebied foutiewelike meters is.

**BESLUIT**

Dat die Direkteur Finansiële Dienste die verlies in inkomste bepaal en aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee terug rapporteer.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN030/11/2022**
**SLUITING VAN KANTORE VIR JAAREINDE: 2022/2023**
**9/1/2**

Op navraag van Raadslid Daniels insake die noodnommers versoek die Munisipale Bestuurder dat indien daar enige verandering in die noodnommers is dit aan die Hoof: Kommunikasie gekommunikeer moet word vir verspreiding aan die publiek.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die onderstaande reëlings vir 2022/2023 jaareinde goedkeur:

1.1 Dat die munisipale kantore binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit gesluit sal wees vanaf 27 tot 30 Desember 2022 (uitgesonderd die dienste genoem vanaf 5.4 tot 5.5);

1.2 Dat die Biblioteke binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit mag sluit vanaf 27 tot 30 Desember 2022;

1.3 Dat die verkeerskantore (E-Natis transaksies) binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit mag sluit vanaf 27 tot 30 Desember 2022;

1.4 Dat die onderstaande munisipale dienste **nie sluit nie** en soos volg gelewer sal word vanaf 27 tot 30 Desember 2022 vanaf **07:30 tot 13:00**:

1.4.1 Alle kassiere sal oop wees en eers om 12:00 afsluit, **uitgesluit** alle Strandoorde wat voldag werk; en

1.4.2 Dat vooruitbetaalde elektrisiteitsbystanddiens ("pre-paid" bystanddiens) en essensiële dienste voltyds gelewer word.

1.5 Dat Bystanddienste gelewer word vir: rampbestuur, water, riool en vooruitbetaalde elektrisiteit ("pre-paid");

1.6 Dat vullisverwydering, reiniging en verkeersdienste soos normaal gelewer word en dat daar ook 'n volledige diens in alle Strandoorde gelewer word;

1.7 Dat alle werknemers (**uitgesluit** die wat werksaam is in bogenoemde dienste (paragrawe 1.4.1 tot 1.4.2 en paragraaf 1.5) toegelaat word om vrywillig verlof in te sit vir 27 tot 30 Desember 2022. Die persone wat nie oor genoegsame verlofkrediete beskik nie, moet vir diens aanmeld;

1.8 Dat verkeerskantore op Saterdag 10 Desember 2022 te Piketberg en Saterdag 17 Desember 2022 te Velddrif vanaf **08:00 tot 13:00,** oop sal wees vir die publiek vir E-Natis transaksies (**uitgesluit** padvaardigheid);

1.9 Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se besluit vroegtydig gekommunikeer word met die publiek deur die Hoof: Kommunikasie; en

***HOOF: KOMMUNIKASIE***

1.10 Dat die volle diens op 03 Januarie 2023, hervat sal word.

***

**BKN031/11/2022**
**INKOMSTEVERBETERINGSTRATEGIE**
**5/15/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die inhoud van die verslag en die opgedateerde aksieplan asook gewysigde teikendatums.

***

**BKN032/11/2022**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN033/11/2022**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN034/11/2022**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD: AFSKRYF VAN UITSTAANDE DEBITEURE REKENINGE**
**5/15/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word na die Direkteur Finansiële Dienste om 'n gewysigde verslag voor te lê by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering en Raad wat geskeduleer is vir Dinsdag 29 November 2022, vir bespreking/oorweging.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN035/11/2022**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN036/11/2022**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN037/11/2022**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 10:51***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER (UITVOERENDE BURGEMEESTER)*** ***DATUM***

***